basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRFA.2**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2014**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye.**

# OGGENDSESSIE

Kopiereg voorbehou

WESTERN CAPE

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.

2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Roman | (35) | |
| AFDELING B: | Drama | (35) | |
| AFDELING C: | Kortverhale | (35) | Doen AL TWEE kortverhale indien jy hierdie afdeling behandel het. |
| AFDELING D: | Gedigte | (35) | Doen AL TWEE gedigte indien jy hierdie afdeling behandel het. |

   Kies die TWEE afdelings wat jy behandel het.

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het, aan.

5. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

7. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

8. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling.

9. Antwoorde moet in Standaardafrikaans beantwoord word en nie in ŉ ander taal nie.

10. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou met jou keuses en die getal vrae te help.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord net EEN vraag.

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|---|
| 1. *Kringe in 'n Bos* | Kontekstuele vraag | 35 | 5 |
| **OF** | | | |
| 2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 | 9 |
| **OF** | | | |
| 3. *Meeulanders* | Kontekstuele vraag | 35 | 12 |

**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord net EEN vraag.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4. *Poppie, die drama* | Kontekstuele vraag | 35 | 16 |
| **OF** | | | |
| 5. *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 | 19 |

**OF**

**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord AL TWEE vrae.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. Benedicta | Kontekstuele vraag | 17 | 23 |
| **EN** | | | |
| Baby | Kontekstuele vraag | 18 | 25 |

**OF**

**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord AL TWEE gedigte.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7. Brief | Kontekstuele vraag | 18 | 27 |
| **EN** | | | |
| Spore op die maan | Kontekstuele vraag | 17 | 29 |

**KONTROLELYS**

**Kandidate moet die kontrolelys gebruik om te verseker dat die voldoende getal vrae beantwoord is.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| **A: Roman** | 1–3 | 1 | |
| **OF** | | | |
| **B: Drama** | 4–5 | 1 | |
| **OF** | | | |
| **C: Kortverhale** | 6 | 1 | |
| **OF** | | | |
| **D: Gedigte** | 7 | 1 | |
| **LET WEL: Maak seker dat jy slegs vrae oor TWEE afdelings beantwoord het.** | | | |

## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRINGE IN 'N BOS*** **– Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> En niemand het hom gesê dat die dorp nie *in* die Bos is nie. Niemand nie. Hulle het skynbaar aangeneem hy weet die dorp is nie in die Bos nie. Hoe moes hy dit geweet het? Hy het gedink die Bos loop tot teenaan die see en êrens, 'n halfuur se draf van die see af, is die dorp.
>
> Hulle het oos van die dorp uit die Bos gekom. Die een oomblik was die Bos nog om hulle, bokant hulle, en die volgende oomblik het dit al hoe ligter begin word, was daar al meer son, en toe lê die wêreld skielik oop. Kaal. Soos een sonder hoed. Sonder dak. Hy wou omspring en teruggaan na die skemerskuilte van die Bos, en sy lyf het vanself langs die kant van die pad in die muishondbos bly staan terwyl die wa verbykom en die son sy oë seermaak.
>
> "Kom, Saul!" skree oom Anneries toe hy saam met die briek verbykom. Maar hy het in die muishondbos bly staan. Hy wou agterna skree dat hy daar sal wag totdat hulle terugkom; hy het die woorde in sy kop geskree terwyl sy voete die wa begin inhaal het die groot oopte in en sy hart het in sy ore geklop.

1.1 Hoekom het Saul-hulle daardie dag dorp toe gegaan? (1)

1.2 Hoekom het Saul duiselig gevoel toe hy in die dorp gekom het? (1)

1.3 Die dorpsmense het vir Saul baie anders as die Bosmense gelyk.

Beskryf die dorpsmense se klere. Gee TWEE feite. (2)

1.4 MacDonald het die Bosmense onregverdig behandel.

Noem DRIE dinge wat MacDonald daardie dag op sy werf gedoen het, wat hierdie stelling bewys. (3)

1.5 In die dorp het oom Anneries vir Saul gewys wie Mister Thomas Rex was.

Hoekom het oom Anneries met soveel respek van hierdie man gepraat? (1)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.6) en die letter (A–D) neer, bv. 1.6 E.

Saul het ... gevoel toe hy vir die eerste keer deur die dorp gestap het.

A opgewonde
B kwaad
C gelukkig
D bang (1)

Kopiereg voorbehou

1.7 Kies elke keer ŉ pleknaam uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (1.7.1–1.7.4) en die letter (A–E) neer, bv. 1.7.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.7.1 | By ... is Saul in ŉ arm houtkappersgesin gebore. | A | Swellendam |
| 1.7.2 | In ... kon Saul wegkom van die sosiale klasseverskille van sy verlede. | B | Meulbos |
| 1.7.3 | By ... was Saul ŉ gerespekteerde gouddelwer. | C | Diepwalle |
| 1.7.4 | In ... is Saul later in die hoogste sosiale kringe aanvaar. | D | Krisjan-se-Nek |
| | | E | Knysna |

(4 x 1) (4)

1.8 Dit het vir Saul gevoel asof hy **sonder ŉ hoed** was toe hy Knysna binnegegaan het.

Waarom is dit ŉ goeie beskrywing? (1)

1.9 Joram se houding voor MacDonald was anders as sy houding in die Bos.

1.9.1 Beskryf Joram se houding teenoor MacDonald. (1)

1.9.2 Hoe was Joram se houding in die Bos? (1)

1.10 Het Saul die aandag van die dorpskinders geniet? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

1.11 Simpatiseer jy met die Barnards na hulle besoek aan die dorp? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

1.12 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.12) en die antwoord neer.

Kate wou daardie dag voor die Public School by Saul geweet het of hy al (ŉ boom afgekap het/ŉ olifant gesien het). (1)

1.13 Was dit reg dat die kinders daardie dag voor die Public School vir Saul gelag het? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

1.14 Noem EEN aspek van Knysna as plek wat vir Saul tydens hierdie eerste besoek mooi en fassinerend was. (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

“Ek is tien. My naam is Kate en dis my sussie, Mary. Wat is jou naam?”

“Saul.”

“Ons het eers in die Kaap gewoon en daar skoolgegaan. Ons gaan nou hier skool. Waar gaan jy skool?”

Hy het haar nie geantwoord nie. MacDonald het genadiglik uit die skuur gekom en gesien hulle staan nog altyd daar.

“Kate!” het hy geraas. “I told you not to speak to these people! They’re wild!”

“But he’s nice, Daddy.”

“Go home immediately!”

Saul het geweet MacDonald raas met haar oor hom. Hy’t gehoor MacDonald sê hy is *wild*; hy weet wat *wild* beteken ...

Toe hulle wegstap, het MacDonald omgedraai en die groot boek oopgemaak. “Ek sien hier staan nog taamlik skuld op julle boek en julle wil al weer kom koop?”

“Ons werk sware hout.” Hy het grond toe gekyk.

“Wat wou jou pa gehad het?”

“Koffie en suiker en meel ... en ŉ bietjie twak ook, asseblief.”

MacDonald het die goodfor uitgeskryf en daarmee in sy hand bly staan.

“Hoe oud is jy?”

“Veertien gewees, mister.” Wat wil almal skielik weet hoe oud hy is?

“Mm ... jy is groot vir veertien. Is jy seker jy is nie dalk sestien nie? Ek is nie so seker dat julle altyd weet hoe oud julle is nie.”

“Ek is veertien.”

1.15 “ ‘ ... Waar gaan jy skool?’
Hy het haar nie geantwoord nie.” (Reël 4–5)

Waarom het Saul nie Kate se vraag beantwoord nie? (1)

1.16 Saul het vir Joram vertel dat MacDonald vir hom werk aangebied het.

Wat was Joram se antwoord op hierdie werksaanbod ? (1)

1.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.17) en die letter (A–D) neer, bv. 1.17 E.

MacDonald het gesê as Saul by hom kom werk, hy Saul ...

A se pa se skuld sou afskryf en hom slaapplek sou gee.
B slaapplek, kos en twee sjielings ŉ week sou gee.
C verantwoordelik vir sy pa se skuld sou hou.
D niks sou betaal nie en sy pa se skuld sou afskryf. (1)

1.18 Gee TWEE redes waarom dit vir MacDonald voordelig sou wees om Saul as een van sy werkers te hê. (2)

1.19 Hoe het Kate Saul gehelp om sy verblyf in Knysna die moeite werd te maak? (1)

1.20 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.20) en die antwoord neer.

Saul het van die begin af geweet dat MacDonald die Bosmense (regverdig behandel het/verneuk het). (1)

1.21 Terwyl Saul by MacDonald gewerk het, het sy pa weer hout afgelewer.

Waarom was Saul woedend vir MacDonald toe Joram die dwarslêers kom aflewer het? (1)

1.22 Hoekom het die Bosmense hulle hout juis aan MacDonald verkoop? (1)

1.23 Wat het MacDonald se optrede teenoor die houtkappers van sy karakter gesê? (1)

1.24 Hoe sou jy teenoor MacDonald opgetree het as jy ŉ houtkapper was? (1)

1.25 Watter effek het Saul se werk by MacDonald op sy verhouding met sy pa gehad? (1)

1.26 Kate en Saul was toe tog aan die einde van die roman saam. Watter lewensles kan die leser by **Kate** hieroor leer? (1)

1.27 Saul het **aan die einde** van die verhaal ŉ positiewe houding teenoor Jozef getoon al het Jozef hom dikwels onregverdig behandel en seergemaak.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)
**[35]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM*** **– Marita van der Vyver**

Lees die volgende uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Liewe leser, ek weet nie of ek hierdie vakansie gaan oorleef nie. Ek weet nie of ek elke aand *Naam, van, dorp, dier* kan speel sonder om waansinnig te word nie. Of minstens nou en dan flou te val nie.
>
> Ek wens ek kon vir Sharon bel. Haar soebat om ŉ paar dae vroeër te kom. As Sharon eers by ons is, sal my ma ons nie kan dwing om elke aand te maak of ons ŉ gesin uit die vorige eeu is nie. Maar Beyers se selfoon werk nie hier op die berg nie. Ons is heeltemal afgesny van die buitewêreld. Soos ŉ gesin uit die vorige eeu.
>
> Ek wens ek kon vir Gavin bel. Hom vra of ons nie maar die fees tot volgende jaar kan uitstel nie. Ek het veertien verjaardae sonder hom gevier. Ek kan nog ŉ jaar wag.
>
> Aan die ander kant, troos ek myself, hy sal seker geïmponeer wees met Sharon. Hy sal dalk selfs ŉ bietjie meer geïmponeer wees met mý oor ek vir Sharon as beste vriendin kon inkatrol. Dis hoe ek soms aan Sharon dink. Soos ŉ vet vis wat per ongeluk – per geluk! – deur ŉ onbeholpe visser gevang is.
>
> Sharon is baie mooier as ek. Sy trek baie beter aan as ek. Haar gesin het baie meer geld as myne.

2.1 Waar was Hanna en haar gesin met vakansie? Gee die pleknaam. (1)

2.2 In reël 1–3 van die uittreksel kom Hanna se persoonlikheid na vore. Watter aspek van haar persoonlikheid word hier uitgebeeld? (1)

2.3 Vertel hoe Hanna en Sharon op hoërskool vriendinne geword het. Noem TWEE feite. (2)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (2.4) en die antwoord neer.

Hanna en haar gesin was soos " ŉ gesin uit die vorige eeu" (reël 6) omdat die vakansiehuis geen (elektrisiteit/spoeltoilette) gehad het nie. (1)

2.5 Hoekom het Hanna Sharon se tande so bewonder? (1)

2.6 Uit reëls 14–17 kan die leser aflei dat Hanna ŉ swak selfbeeld het.

Motiveer hierdie stelling. (1)

2.7 Waarom het Gavin Hanna se eerste veertien verjaarsdae gemis? (1)

2.8 Hanna was aan die begin baie opgewonde en bly oor Sharon saam met hulle was, maar later minder opgewonde.

Noem TWEE dinge wat Sharon tydens haar kuiertjie gedoen het wat Hanna minder opgewonde oor haar mooi vriendin gemaak het. (2)

Kopiereg voorbehou

2.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (2.9) en die antwoord neer, bv. 2.9 E.

Hanna was later minder opgewonde oor Sharon, want Hanna was ...

A gespanne.
B skaam.
C jaloers.
D bekommerd. (1)

2.10 Hanna het op haar vyftiende verjaarsdag baie geskenke ontvang.

2.10.1 Van wie het Hanna ŉ grimeerstelletjie ontvang? (1)

2.10.2 Hoe het die mooimaaksessie wat daarna gevolg het, Hanna gehelp om haarself anders te sien? (1)

2.11 Gavin het vir Hanna ŉ swart cashmere trui vir haar verjaarsdag gegee.

2.11.1 Noem EEN geskenk wat Gavin met ŉ vorige verjaarsdag aan Hanna gegee het. (1)

2.11.2 Was die swart trui ŉ beter geskenk vir Hanna as Gavin se vorige geskenke aan haar? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

2.12 Hanna wou nie hê Gavin moes kom kuier nie.

2.12.1 Noem EEN aspek van Gavin se voorkoms wat moontlik, volgens Hanna, Sharon sou kon skok. (1)

2.12.2 Hoe het Sharon op Gavin gereageer toe Sharon hom ontmoet het? (1)

2.13 Hanna was krities oor Mana se kleredrag. Waarvan het Hanna nie gehou nie? (1)

2.14 Hanna was sensitief oor hoe haar ouers gelyk het.

Sou jy dieselfde gevoel het as jy in Hanna se situasie was? (1)


WESTERN CAPE

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Slaap jy?" fluister Sharon toe sy 'n paar uur later op haar tone by ons kamer insluip.

"Nee," sê ek. "Ek het probeer slaap, maar julle het so hard gelag daar binne ..."

Ek het kort ná aandete die koningin en haar onderdane langs die koolstoof gelos. Alleen in die koue kamer kom skryf. Maar ek kon dit glad nie regkry om op my kortverhaal te konsentreer nie. Ek het bly wonder waaroor hulle die hele tyd so aanmekaar lag. Ek het my selfs verbeel ek hoor my naam – en toe skaterlag die hele spul van hulle. Sharon die hardste van almal. En toe word ek so vies dat ek die kers doodblaas en die slaapsak oor my kop trek.

"Hoekom is jy in so 'n slegte bui?" vra Sharon.

Dis te donker om haar te sien, maar ek hoor hoe sy haar klere haastig uittrek.

"Ek's nie in 'n slegte bui nie. Ek kan net nie verstaan hoekom julle almal so baie van haar hou nie,"

"En ek kan nie verstaan hoekom jy so min van haar hou nie," sê sy en kruip in haar slaapsak.

"Sy't haar kinders gelos om in 'n ander land te gaan woon. Sommer net so. Amos was skaars drie jaar oud!"

"Jy weet nie wat gebeur het nie, Hanna," sê Sharon sag. "Ek is seker dit was nie vir haar *maklik* om dit te doen nie."

"Sy't dit nogtans gedoen."

2.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (2.15) en die letter (A–D) neer, bv. 2.15 E.

... was die gelukkigste oor Margot se besoek.

A Hanna
B Yann
C Amos
D Mana (1)

2.16 Waarom was dit ironies dat Margot juis tydens hierdie vakansie by die gesin kom kuier het? (2)

2.17 Vertel kortliks hoe dit gebeur het dat Margot by die gesin kom kuier het. Noem DRIE belangrike feite. (3)

2.18 Kies elke keer 'n persoon uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (2.18.1–2.18.4) en die letter (A–E) neer, bv. 2.18.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.18.1 | ... het die bynaam, koningin Margot, geskep. | A | Gavin |
| 2.18.2 | ... het Margot van verbreekte beloftes beskuldig. | B | Tibo |
| 2.18.3 | ... het Margot oorreed om aan die konsert deel te neem. | C | Amos |
| 2.18.4 | ... was bekommerd oor die reën toe Margot aankom. | D | Yann |
| | | E | Beyers |

(4 x 1) (4)

Kopiereg voorbehou 
WESTERN CAPE

2.19 Wat het Hanna aan Margot raakgesien toe Margot uit die motor geklim het? (1)

2.20 Watter positiewe karaktereienskap het Margot getoon toe sy al die mense in die huis ontmoet het? (1)

2.21 Dink jy Hanna was reg om aan die begin krities teenoor Margot te wees? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

2.22 Hanna het vir Margot gekritiseer omdat sy haar kinders gelos het en na ŉ ander land toe gegaan het. (Reël 16)

Watter voorbeeld het Sharon se reaksie op Hanna se kritiek vir Hanna gestel? (1)

2.23 Hanna se houding teenoor Margot het verbeter omdat Margot ook goeie dinge vir ander gedoen het.

Noem EEN goeie ding wat Margot vir Mana gedoen het. (1)

2.24 Hanna het aan die einde van die verhaal besef dat sy eerder oor haar eie lewe as Fabienne kon skryf. Watter lewensles het sy dus uit die wittebroodvakansie geleer? (1)
**[35]**

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Ná die diens stroom die mense na die huis teen die bult met roubetuigings. Dis reeds nege-uur toe die groot huis stilword en die telefoon ophou lui en Fred in sy studeerkamer met ŉ whiskey gaan sit. Hy voel tot in sy siel uitgeput. Toe die voordeur oopgaan, kyk hy op. Dis Skalla wat skielik die studeerkamer se deur oopstoot en binnekom.

Skalla was nie op die begrafnis nie.

Hy kyk Fred aan met rooigehuilde oë. "Jy't sleg met haar gewerk. Sy't dit nie verdien nie."

"Waarvan praat jy?" vra Fred geïrriteerd.

Onverbloemde verbittering bars deur: "Nee ... jy sal nie weet nie. Jy weet wragtag nie eers wanneer jy oor mense trap nie! Soos jy Sheila vertrap het. Jy het haar ingebreek met jou gerondneukery."

"Wie de fok is jy om te praat, huh?"

"Ek is niks. Ek is ŉ skollie ... rubbish. Maar ek is nie blind nie. Ek weet hoe julle haar uitgewerk het. Julle het gesien sy gaan agteruit ... en toe stoot julle haar van die randjie af ... maklik, nè? Stoot uit wat nie pas nie ... ek ken dit."

Fred het opgestaan en kom dreigend nader. "Hou jou bek, man!"

Hermanus, in sy rooi kamerjas, verskyn in die deur en kyk hulle geskok aan.

3.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (3.1) en die antwoord neer.

Elsabet het (verdrink/verongeluk). (1)

3.2 Waarheen was Elsabet op pad toe sy gesterf het? (1)

3.3 Waarom was dit ironies dat Elsabet juis na hierdie plek toe wou vlug? (2)

3.4 Hoekom was Schalk nie by Elsabet se begrafnis nie? (1)

3.5 Gee EEN rede waarom Elsabet se lewe saam met Fred ongelukkig was. (1)

3.6 Dink jy dit sou vir Elsabet beter gewees het as sy nie van Jacob geskei het nie? Motiveer jou antwoord. (1)

3.7 Gee TWEE redes waarom Schalk vir Fred blameer het vir Sheila se ongelukkige lewe. (2)

3.8 Verduidelik hoe Schalk ook bygedra het tot Sheila se ongelukkige lewe. (1)

3.9 "Ek weet hoe julle haar uitgewerk het." (Reël 14–15)

Wie is die "julle" na wie Schalk hier verwys het? (1)

3.10 Watter ooreenkoms was daar tussen Sheila en Elsabet se ongelukkigheid? (1)

3.11 Gee TWEE redes waarom Hermanus trots was op sy seun, Fred. (2)

3.12 Die dorpsmense het nie respek vir Schalk gehad nie.

Dink jy die dorpsmense was regverdig teenoor Schalk? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

3.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.13) en die letter (A–D) neer, bv. 3.13 E.

Uit Fred se optrede teenoor die vrouens in sy lewe, kan die leser agterkom dat Fred die vrouens ... het.

A misbruik
B gerespekteer
C geïnspireer
D verwerp (1)

3.14 Die Blanckenberg-broers, Fred en Schalk, het bygedra tot baie hartseer in Jacob se lewe. Noem DRIE dinge wat hulle elkeen gedoen het om Jacob se lewe ongelukkiger te maak. (3)

3.15 Was dit reg dat Schalk vir Fred verwyt het oor dinge wat in Schalk se lewe verkeerd geloop het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

3.16 "Ek is niks. Ek is 'n skollie ... rubbish." (Reël 14)

Hoekom het Schalk hierdie dinge oor homself gesê? (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Ek sal jou kry, Skalla!" roep Jacob rasend oor die water, terwyl die bootjie wegvaar en een word met donkerte en see.

"God, help! My kind!"

Dis Daniel wat haar in sy arms optel terwyl haar bloed oor sy klere stroom. Daardie aand het Ryna 'n ander faset van Jacob ontdek. Hy was 'n gekweste dier met wilde swart oë waaruit 'n oerhaat gestraal het, sodat sy bang was om naby hom te kom. Hy, wat altyd die een was om in 'n noodgeval op te tree, het eenkant bly staan, asof hy nie deel was van die bloedbevlekte Oukersaand nie. Dit was sy en Attie wat die drukverbande op die wond geplaas het. Dit was Jannerik wat vir Geelbek geroep het. Dit was Daniel wat hulle goed haastig ingepak het. En deur dit alles het die Kersboom se liggies bly flikker, aan en af, rooi, geel, blou en het Attie vergeet om sy Kersvaderpak uit te trek.

Dokter Alwyn du Toit het saam met die Meeuw gekom. Hulle het die bewustelose liggaampie in die net geplaas en met 'n spesiale katrol op die dek gelaai. Jacob en Ryna en Daniel het saamgegaan. In die skipperskajuit het die geveg om Janka se lewe begin: 'n Draagbaar, suurstofapparaat, 'n drup.

3.17 Wat het Schalk daardie dag (reël 1–2) naby Meeuland gedoen? (1)

3.18 Hoekom was Janka op die jettie? (1)

3.19 Watter invloed het Schalk se optrede daardie dag op Janka se lewe gehad? (1)

3.20 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (3.20) en die antwoord neer.

Jacob het vir Schalk gedreig dat hy hom sal kry, omdat hy (op Meeuland oortree het/vir Janka geskiet het). (1)

3.21 Kies elke keer 'n naam uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (3.21.1–3.21.4) en die letter (A–E) neer, bv. 3.21.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.21.1 ... het met die geheim rondgeloop dat sy swanger was. | A Ousanna |
| | B Elsabet |
| 3.21.2 ... het 'n verhouding met Fred in die Kaap gehad. | C Doreen |
| 3.21.3 ... het aangevoel wanneer mense seerkry. | D Veronica |
| | E Jackie |
| 3.21.4 ... het haar werk bedank na 'n lekker tyd saam met Jason. | |

(4 x 1) (4)



WESTERN CAPE

3.22 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.22) en die letter (A–D) neer, bv. 3.22 E.

... het vir Fred aan die einde van die verhaal vertel dat Janka sy dogter was.

A Jacob
B Jannerik
C Ryna
D Ousanna (1)

3.23 Dink jy dit was goed dat Fred geweet het dat Janka sy dogter was? Motiveer jou antwoord. (1)

3.24 Watter werk het Ryna gaan doen toe sy van Meeuland af weg is? (1)

3.25 Jacob was verantwoordelik vir Schalk se dood.

Was dit regverdig dat Jacob tronk toe moes gaan vir die moord op Schalk? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

3.26 Jannerik het Ryna die CB-naam Mama-Meeu gegee.

Watter karaktereienskap van Mama-Meeu bewonder jy? (1)

3.27 Waarom was dit vir Ryna moontlik om vir Jacob te wag totdat hy uit die tronk gekom het? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**OF**

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

### *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

*Hoedjie spring op en begin al om Ouma hop.*

HOEDJIE. Ou Hoedjie, ou Hoedjie!
Ek staan op my voetjie,
my naam is ou Hoedjie!

OUMA HANNIE. Tsamaya – jy's weer uit jou vel uit! *(Sy stoot hom eenkant toe)*

PLANK. Ouma Hannie het Xhosa en Afrikaans gepraat, maar sy het geraas as die kinders nie Xhosa praat nie.

OUMA HANNIE. Ninga malawu – die mense sal sê julle is Boesmans!

POPPIE *(draai haar na ouma Hannie).* Maar ons het nie Xhosa gekon praat nie – tot nou toe as ek en my broers bymekaar is, praat ons Afrikaans – dis vir ons die lekkerste, ja.

STONE. Ouma Hannie was streng met Poppie. Sy het vir Poppie al die dinge van die Xhosa-geloof geleer – selfs al was hulle kerkmense: Rooms of Methodist of Anglican of Sendingkerk.

POPPIE. Aai, maar sy was lief vir sing! *(Al die spelers gaan staan om ouma Hannie.)* Ons het almal saamgesing. *(Ouma sit lied in: "Jerusalem ikhaya lam." Almal begin saamsing. Poppie bly voor staan, sy luister. Op "endithandayo" sing groep sotto voce en Poppie vervolg.)* En saans was dit oompie Pengi wat bid. Soms as hy dronk is, bid hy so lank dat ek op die vloer langs my ouma, waar ek sit, aan die slaap raak en as ek wakker word, dan bid oompie Pengi nog steeds.

4.1 Waarom het Poppie en haar broers by Ouma Hannie gebly? (1)

4.2 Hoekom het Poppie en haar broers dit so geniet om *Die Jongspan* te lees? (1)

4.3 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (4.3.1 en 4.3.2) en die antwoord neer.

Ouma Hannie was met 'n (4.3.1) (visserman/skaapskeerder) getroud terwyl Ma Lena se man as 'n (4.3.2) (lorriedrywer/ketelmaker) vir die oorlog aangeteken het. (2)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.4) en die letter (A–D) neer, bv. 4.4 E.

Ma Lena het Poppie se regte pa op ... ontmoet.

A Lüderitzbucht
B De Aar
C Prieska
D Upington (1)

Kopiereg voorbehou
WESTERN CAPE

4.5 Ma Lena het vir haar kinders Engelse doopname gegee.

4.5.1 Waarom het Ma Lena vir haar kinders Engelse doopname gegee? (1)

4.5.2 Hoe het die kinders op hulle Engelse doopname gereageer? (1)

4.6 Poppie kon later nie meer skoolgaan nie.

Hoe het sy as kind gesorg dat sy altyd iets bly leer het? (1)

4.7 Hoe het Poppie haar ma gehelp toe sy ophou skoolgaan het? (1)

4.8 Waaruit kan ons aflei dat Ouma Hannie trots was op haar familie se Xhosa-agtergrond? (1)

4.9 Waarom was Poppie se keuse om as kind eerder Afrikaans te praat, ironies? (2)

4.10 Poppie se familie is later gedwing om van Lambertsbaai weg te gaan.

4.10.1 Hoekom moes hulle Lambertsbaai verlaat? (1)

4.10.2 Na watter plek in die Kaap is Poppie en haar familie gestuur? (1)

4.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.11) en die letter (A–D) neer, bv. 4.11 E.

Nadat Poppie met Stone getrou het, was haar skoonfamilie ... Poppie.

A ongelukkig oor
B jaloers op
C kwaad vir
D tevrede met (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

MOSIE. Die poeliesman het gesond geword en dit het verligting in onse harte gebring, maar Jakkie was nog op soek. En ons het geweet die poeliesse sou nie ophou soek nie. Die poeliesse is kwaad as een van hulle mense geskiet is, hulle sal hom kry.

MAMA *(huilend).* Ons sal Jakkie nie weer sien nie, of ons sien hom lê in sy kis. Die poeliesse sal hom doodslaan as hulle hom kry, of hulle sal hom neerskiet, want hy't 'n rewolwer, hy's mos dangerous. Jakkie, my boesmanklonkie. Wat gaan van jou word?

*Polisieman neem Mama weg.*

MOSIE. Die Nylon het gekom en vir Mama en Baby opgelaai. Hulle is weggeneem selle toe. Hulle is vrae gevra waarvan hulle die antwoorde nie geweet het nie. Oor Jakkie. Toe kom die C.I.D. vir Poppie ondervra by Mrs Swanepoel se huis.

POLISIEMAN. Waar is jou broer ... die een vir wie hulle sê Jakkie?

POPPIE. Ek weet nie.

POLISIEMAN. Ons wil jou kinders se adres in Herschel weet.
POPPIE *(baie ontsteld).* Vir wat wil julle die adresse weet?
POLISIEMAN. Jou ma en jou suster sit in die tronk en jy maak asof jy nie weet vir wat ons die adresse wil hê nie.
POPPIE. Wat het dit met my kinders te doen? Wat het hulle gemaak?

4.12 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (4.12.1–4.12.4) en die letter (A–E) neer, bv. 4.12.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.12.1 ... is deur die kinders geslaan en verneder. | A Vukile |
| 4.12.2 ... is dood nadat ŉ dwaalklip hom getref het. | B Stone |
| 4.12.3 ... was alleen in die Kaap toe sy gesin in Mdantsane was. | C Mosie |
| 4.12.4 ... het teen die *migrants* in opstand gekom. | D Jakkie |
| | E Plank |

(4 x 1) (4)

4.13 Wie of wat was "die Nylon" wat vir Mama en Baby opgelaai het? (1)

4.14 "Hulle is weggeneem selle toe. Hulle is vrae gevra waarvan hulle die antwoorde nie geweet het nie. Oor Jakkie." (Reël 11–12)

4.14.1 Waarheen wou Jakkie uiteindelik vlug? (1)

4.14.2 Het Jakkie reg opgetree deur te vlug? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

4.14.3 Was dit reg dat Ma Lena en Baby in die polisieselle aangehou is sodat Jakkie gevang kon word? Motiveer jou antwoord. (1)

4.15 "POPPIE. Wat het dit met my kinders te doen? Wat het hulle gemaak?" (Reël 20)

4.15.1 Gee DRIE aanduidings uit die hele drama dat Poppie se kinders vir haar belangrik was. (3)

4.15.2 Waarom was dit aanvaarbaar dat die polisie Poppie se kinders ondervra het? (1)

4.16 Op Kersdag 1976 het twee groepe in die Kaap teen mekaar baklei.

4.16.1 Teen wie het die City-borners daardie dag baklei? (1)

4.16.2 Hoekom het die City-borners teen hierdie groep baklei? Gee TWEE redes. (2)

4.17 Die polisie het na Jakkie gesoek.

Wie het hulle verkeerdelik gevang? (1)

4.18 Gee TWEE voorbeelde van mev. Swanepoel se positiwiteit teenoor Poppie in hierdie drama. (2)

4.19 Aan die einde van die drama het Poppie gedink dat sy niks meer vir haar kinders se toekoms kon doen nie.

Was dit reg dat Poppie so gedink het? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

4.20 Een van die temas in hierdie drama is Suid-Afrika se sosiale toestande tussen 1950 en 1976.

Waarom kan ŉ mens sê dat hierdie tema ŉ realistiese uitbeelding van die apartheidsjare was? (1)

**[35]**

**OF**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

### *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

NOLLIE: Watse plekke, oom?

HENDRIK: Jy weet, Londen en al die plekke. Of is dit nou byvoorbeeld mooier as die Klein Karoo en so. Of is die mense daardie kant nou beter of slimmer of ryker of wat? *(Hy dink ŉ bietjie.)* Klink my hulle is gelukkiger.

NOLLIE: Sal ek hierdie een opsit?

HENDRIK: Ja, speel jong, speel. Willem, hoor by Ma wat van ŉ bietjie koffie. *(Die kind staan op en gaan in die huis in.)* En loop haal vir Emma. Sê ek soek haar hier.

Nollie is besig om die plaat op te sit, maar hy kyk besorgd op as hy hoor Emma word laat haal.

NOLLIE: Oom, ek wou nog sê ek is jammer oor Emma, oom.

HENDRIK: Wat van Emma?

NOLLIE: Nee, ek dag sy't dalk kom sê. Sy't ... sy't geval.

HENDRIK: Nee, sy't my nie ŉ woord gesê nie.

18. Emma staan in haar kamer langs die venster, teenaan die vensterkosyn, sodat niemand haar kan sien nie maar sodat sy alles kan hoor wat op die stoep aangaan. Klein Willem is by haar en beduie sy moet kom, Pa roep. En sy beduie met haar vinger voor haar mond hy moenie laat blyk waar sy is nie – hy moet loop, sy gaan nie uitkom nie.

5.1 By watter stasie het die McDonald-gesin gebly toe die sirkus daar aangekom het? (1)

5.2 Waarom het Hendrik gereeld na die ou plate geluister? Gee EEN rede. (1)

5.3 By wie het Hendrik sommige van die plate waarna hulle geluister het, gekry? (1)

5.4 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.4.1 en 5.4.2) en die antwoord neer.

Willem het vir Emma beduie dat hulle pa haar geroep het. Willem het al vir (5.4.1) (een/twee) jaar ŉ spraakprobleem gehad. Willem se probleem was as gevolg van ŉ (5.4.2) (siekte/angstoestand). Hendrik het nie geweet hoe om Willem se probleem te hanteer nie. (2)

5.5 Die skoolkinders het Willem geterg omdat hy nie kon praat nie.

5.5.1 Op watter manier het die skoolkinders vir Willem geterg? (1)

5.5.2 Hoe het Willem op die skoolkinders se tergery reageer? (1)

5.6 Emma het vir Katrien gesê dat sy nooit wou trou nie.

5.6.1 Wat was Katrien se siening oor Emma se woorde? (1)

5.6.2 Dink jy Hendrik het die reg gehad om in Emma se liefdeslewe in te meng ? (1)

5.7 Gee TWEE aanduidings dat Hendrik en Katrien ongelukkig getroud was. (2)

5.8 "Oom, ek wou nog sê ek is jammer oor Emma, oom." (Reël 12)

5.8.1 Hoe het dit gebeur dat Emma geval het? (1)

5.8.2 Watter positiewe karaktereienskap van Nollie het met hierdie woorde na vore gekom? (1)

5.9 Hoekom was Hendrik so ongelukkig dat die sirkustrein op sy stasie kom staan het? (1)

5.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.10) en die letter (A–D) neer, bv. 5.10 E.

Die sirkustrein wat op die stasie aangekom het, het ... in die McDonald-gesin se lewens gebring.

A verandering
B verwydering
C teleurstelling
D moedeloosheid (1)

5.11 Die sirkusmense het glad nie respek vir Hendrik as stasiemeester gehad nie. Noem TWEE maniere waarop die sirkusmense dit gewys het. (2)


WESTERN CAPE

5.12 Hoe sou jy teenoor die sirkusmense opgetree het as jy Hendrik was? (1)

5.13 Die gesin se ou motor was altyd stukkend.

5.13.1 Waarvan was die stukkende motor ŉ simbool in die drama? (1)

5.13.2 Die motor het een dag langs die pad gebreek en Hendrik en Katrien het toe baklei. Noem DRIE dinge wat Katrien daardie dag vir Hendrik gesê het om hom seer te maak. (3)

5.14 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (5.14.1–5.14.4) en die letter (A–E) neer, bv. 5.14.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.14.1 | ... het klippe laat val toe Hendrik en Katrien baklei het. | A | Manuel |
| | | B | Frans |
| 5.14.2 | ... wou nie hê Hendrik moes inmeng in Emma se verhoudings nie. | C | Willem |
| 5.14.3 | ... wou weer hoor hoe Katrien klavier speel. | D | Hendrik |
| | | E | Nollie |
| 5.14.4 | ... het agtergebly toe die sirkus Toorwater verlaat het. | | |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

142. Drie, vier motors kom op die werf aan. Hulle ry stadig. Hulle hou langs mekaar stil – hulle kopligte verblindend op die huis. Hendrik verskyn op die werf. Hy staan vir die motorligte en kyk. Katrien kom tot langs hom, met Emma en Nollie agter hulle op die stoep.

HENDRIK: Gaan in die huis in, Katrina. Julle almal.

Die motorligte word die een na die ander afgeskakel. Dis Sakkie du Toit wat eerste uit sy motor klim. Nog twee motors kom aan en hou stil. Ouderling Bothma klim uit ŉ tweede motor en Thys Briekman uit die derde motor. Ander mense bly in die motors sit. Hendrik kom nader. Die drie mans stap na hom toe. Nog ŉ motor hou stil.

HENDRIK: Naand ...

Katrien en Emma-hulle gee nie pad nie. Hulle staan en kyk.

OUDERLING BOTHMA: Naand, Hendrik.
Hulle kom tot by hom. Hulle lyk ongemaklik.

HENDRIK: Kan ek help?
SAKKIE: Ons het maar net kom sê ons is jammer oor daardie spul. Dit was nie nodig nie.
HENDRIK: Ag, nee wat. Kyk. *(Hy hou sy arms oop.)* Ons makeer niks.
OUDERLING BOTHMA: Die mense het begin ry anderkant. Die dans is in sy kanon in.
HENDRIK: Kom in. Kom sit. Ek was juis van plan om ŉ knertsie in te gooi.
SAKKIE: Die vrouens sit in die kar.
HENDRIK: Nou bring hulle. Bring hulle. Bring hulle.

5.15 Hoekom het die mans so ongemaklik gevoel? (Reël 18) (1)

5.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.16) en die letter (A–D) neer, bv. 5.16 E.

Emma was ná die Volstruisdans woedend vir haar pa omdat hy ...

A voorgestel het dat hulle die dans moes bywoon.
B vreeslik terugbaklei het toe hulle sleg behandel is.
C altyd gemaak het asof daar niks gebeur het nie.
D met skreeuende bande weggejaag het. (1)

5.17 Hendrik het nie die mans wat by die huis aangekom het, weggejaag nie.

Wat was jou emosionele reaksie op Hendrik se optrede? (1)

5.18 "Kom in. Kom sit. Ek was juis van plan om ŉ knertsie in te gooi." (Reël 26–27)

Wat was die "knertsie" waarvan Hendrik gepraat het? (1)

5.19 Hendrik het die besoekers ingenooi.

Gee EEN woord wat die atmosfeer in die huis daarna beskryf. (1)

5.20 Watter positiewe bydrae het Willem tot die partytjie by die McDonalds se huis gelewer? (1)

5.21 Die dorpsmense het reeds voor die Volstruisdans onregverdig teenoor die McDonalds opgetree.

Gee TWEE voorbeelde hiervan. (2)

5.22 Waarom is daar in die drama skuinsgedrukte woorde tussen hakies, soos in reël 22? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**OF**

## AFDELING C: KORTVERHALE

***STORIEJOERNAAL***

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR AL TWEE DIE KORTVERHALE.**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

**BENEDICTA – Margaret Bakkes**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> "Dit is so, Ma, hulle het so eenuur se kant van die Wildtuin af gebel. Maar ons weet nie wat die besonderhede is nie. Alleen maar dat hulle met hom deurgejaag het Hoedspruit toe. Van daar sal ŉ helikopter hom oplaai na Pietersburg toe."
>
> ŉ Donkerte kom sit in my kop. "Leef hy?"
>
> "Hy het die aanval self oorleef."
>
> "Ons moet na hom toe gaan. Dadelik. Ek moet hom sien."
>
> "Ek sal net eers bel, Ma, en probeer uitvind."
>
> Die lang middag begin. Oproepe Orpen toe. Kinta van Niekerk se stem.
>
> "Hy leef, ja, maar jy sal baie sterk moet wees."
>
> Oproepe Hoedspruit toe.
>
> "Hy leef, ja, hy is so pas per helikopter Nelspruit toe."
>
> Ek dwaal deur die tuin en ek glo op daardie oomblik dat my kind, my groot, sterk, pragtige manskind, met rooi hare soos myne, nie van my weggeneem sal word nie. Daar was tog mos dikwels in sy lewe noue ontkomings. Dikwels het ons aan die rand van die afgrond gestaan. Telkens is ons met groot genade teruggegryp. Waarom nie nou weer nie? Hieraan sou ek vashou.
>
> Hy was pas ŉ jaar toe hy onverklaarbaar aan die slaap geraak het. Ek het dadelik geweet dat iets vreemds aan die gang was.

6.1 Die verteller was op pad na haar seun wat beseer is.

6.1.1 Wat het met Christiaan gebeur dat hy seergekry het? (1)

6.1.2 Noem die TWEE beserings wat Christiaan as gevolg van hierdie gebeure opgedoen het. (2)

6.2 6.2.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (6.2.1) en die antwoord neer.

In hierdie verhaal is daar ŉ (derdepersoons-/eerstepersoons-) verteller. (1)

6.2.2 Watter kenmerk van hierdie soort verteller kom sterk na vore in die verhaal? (1)

Kopiereg voorbehou 

6.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (6.3) en die letter (A–D) neer, bv. 6.3 E.

Die woord "donkerte" word geassosieer met 'n gevoel van …

A vrees.
B woede.
C irritasie.
D frustrasie. (1)

6.4 "Ons moet na hom toe gaan. Dadelik. Ek moet hom sien." (Reël 7)

As jy die verteller was, sou jy ook só op die nuus reageer het? Motiveer jou antwoord. (1)

6.5 Met wie praat die verteller in reël 1–8? (1)

6.6 "Daar was tog mos dikwels in sy lewe **noue ontkomings**." (Reël 15)

6.6.1 Wat word met die woorde "noue ontkomings" bedoel as daar na Christiaan se lewe verwys word? (1)

6.6.2 Het dit die verteller gehelp om terug te dink aan Christiaan se vorige noue ontkomings? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

6.7 "Hy leef, ja, ..." (Reël 10)

6.7.1 Wat word met hierdie woorde geïmpliseer? (1)

6.7.2 Waarom word hierdie woorde in reël 12 herhaal? (1)

6.8 Die familie het toe later na Christiaan toe gegaan.

Waar het die verteller vir Benedicta ontmoet? (1)

6.9 Die verteller het later vreeslik gehuil en Benedicta het met haar gepraat.

6.9.1 Hoekom het Benedicta soveel begrip vir die verteller se situasie gehad? (1)

6.9.2 Benedicta het vir die verteller **sigarette en wodka** gegee om haar te troos.

Dink jy dat dit aanvaarbaar was dat Benedicta vir haar sigarette en wodka gegee het? (1)

6.10 Hoekom was dit betekenisvol dat die vrou se naam juis Benedicta was? (1)

6.11 Watter aanduiding is daar dat Benedicta se optrede 'n groot indruk op die verteller gemaak het? (1)


Kopiereg voorbehou 
WESTERN CAPE

**BABY – EKM Dido**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Hulle is gou terug – Baby glimlag breed, maar oom Attie brom ongeduldig oor sy kar wat nog nie reg is nie. Vir wat duur dit so lank! Hoe meer hy brom, hoe meer glimlag Baby. Sulke breë glimlagge. Later lag en gesels sy eers skaam-skaam met ons en nog later kliphard. Maar elke nou en dan kyk sy vinnig na haar pa. Toe Ma vra wat haar ma se naam is, hou oom Attie op om te brom en trek vir Baby nader na hom toe. Haar mond is gesluit, en Ma se frons dieper.
>
> Toe Pa teen laatmiddag by die huis kom, bring hy 'n boodskap vir oom Attie van Sersant af. Oom Attie moet net daar bly wag, want Sersant kom later self die sleutel van die saal in die oom se hande besorg.
>
> Oom Attie is so bly dat hy opspring, vir Baby optrek en 'n paar danspassies doen. "Baby, ons is on the roll!" lag hy. Maar Baby se oë staan wild in haar kop so bang lyk sy.
>
> Toe Sersant later by ons opdaag, is sy vrou weer by. Ek is skoon verstom. Hierdie keer het sy 'n pak lekkers in haar hand. Ek sorg dat ek by bly.
>
> Oom Attie spring op en hou sy hand uit om Sersant te groet voor dié nog reg oor die drumpel is.

6.12 Sersant De Wit het oom Attie en Baby juis na **die verteller** se huis geneem.

Watter TWEE redes het hy hiervoor gegee? (2)

6.13 Gee EEN rede waarom die leser die mense van die Onderdorp van Nqamakwe kan respekteer. (1)

6.14 Sersant het aan die begin van die verhaal 'n positiewe houding teenoor oom Attie gehad.

Gee EEN motivering vir hierdie stelling. (1)

6.15 "Maar Baby se oë staan wild in haar kop so bang lyk sy." (Reël 11–12)

Wat het hierdie reaksie van vrees oor Baby se verhouding met oom Attie gesuggereer? (1)

6.16 "Ek is skoon verstom." (Reël 13)

Waarom was die verteller "verstom"? (1)

6.17 Kies elke keer 'n persoon uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.17.1–6.17.4) en die letter (A–E) neer, bv. 6.17.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.17.1 | ... het vir oom Attie-hulle slaapplek gegee. | A | Sersant se vrou |
| | | B | Nooi |
| 6.17.2 | ... is ook “Sugar” genoem. | C | Baby |
| 6.17.3 | ... kon ’n vreemde aksent herken. | D | Ouma Stienie |
| 6.17.4 | ... was trots dat sy ’n vriendin uit die stad gehad het. | E | Ma |

(4 x 1) (4)

6.18 Baby het Vrydagoggend die Onderdorp geskok.

6.18.1 Hoekom was die mense so geskok? (1)

6.18.2 Wat het die verteller se ma gedink was die rede vir Baby se optrede? (1)

6.19 Aan die einde van die verhaal het Sersant nie meer ’n positiewe houding teenoor oom Attie gehad nie.

Noem DRIE dinge wat oom Attie gedoen het, wat verkeerd was. (3)

6.20 Watter belangrike lewensles kan ’n mens uit hierdie verhaal leer? (1)

6.21 Waarom kan dit wat met Baby in hierdie verhaal gebeur het, as **realisties** beskryf word? (1)

6.22 Dink jy Claudine sou na afloop van die verhaal net met haar lewe kon aangaan? Motiveer jou antwoord. (1)

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**OF**

## AFDELING D: GEDIGTE

***VERSJOERNAAL***

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR AL TWEE DIE GEDIGTE.**

## VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Brief – Fernel R Abrahams**

Mammie, ek skryf ook vir Ma ŉ kaalvoet gedig
sommer so, nes Antjie
maar ek gebruik soms leestekens
en ek sal nie vir Mamma "jy" sê nie
want dit hoort vir my
nes plastiekblomme en wit skoene
nie by Ma nie.

Ek het grootgeword, weet Ma –
ek skrik soms vir myself
want my skoolbaadjie pas nie meer nie
my hare is lank
ek wil ŉ oorring dra
ek bid byna nooit nie
en ek glo nie sommer net in God nie
ek dink, praat, skryf selfs oor die dood
– ek wonder of Ma van my verse sal hou –

Ek weet Ma sou wou hê ek moes klein bly –
en ek het nie
kon nie
'skuus Mammie
maar ek is nog Ma se kind
grootmenskind
anderster kind

7.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (7.1) en die antwoord neer.

Die spreker skryf die gedig vir die ma en gebruik ŉ (formele/informele) trant. (1)

7.2 Watter WOORD in versreël 1 dui op die spreker se liefde en respek vir die ma? (1)

7.3 Haal EEN woord uit strofe 1 aan wat die spreker se gedig aan sy ma beskryf. (1)

7.4 Wie is Antjie na wie die spreker in reël 2 verwys? (1)

7.5 Gee TWEE voorbeelde van **hoe die spreker se gedig** anders is as Antjie se gedig. (2)

Kopiereg voorbehou 

7.6 Daar is ŉ eerstepersoonspreker in hierdie gedig.

Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

7.7 Noem EEN ding wat, volgens die spreker, nie by sy ma pas nie. (1)

7.8 Kies elke keer 'n woord uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (7.8.1–7.8.4) en die letter (A–D) neer, bv. 7.8.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.8.1 | sommer so | A | elisie |
| 7.8.2 | 'skuus | B | alliterasie |
| 7.8.3 | nes Antjie | C | personifikasie |
| 7.8.4 | grootmenskind | D | vergelyking |
| | | E | alleenplasing |

(4 x 1) (4)

7.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (7.9) en die letter (A–D) neer, bv. 7.9 E.

Die spreker wonder of sy ma van sy verse sal hou, want hy ...

A bevraagteken haar aanvaarding van sy verse.
B bevraagteken sy vermoë om verse te skryf.
C skryf net verse oor sy grootword.
D skryf vir haar ŉ kaalvoet gedig. (1)

7.10 Waaruit lei ons af dat die spreker nou anders oor godsdiens dink as voorheen? (1)

7.11 Noem TWEE positiewe boodskappe wat hierdie gedig vir die ma inhou. (2)

7.12 Op watter ander manier kon die spreker die boodskap van grootword aan sy ma oorgedra het? (1)

7.13 Die woorde in die laaste twee reëls is ingekeep. Waarom is hierdie tipografie effektief? (1)

**EN**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Spore op die maan – Koos du Plessis**

Elke nuwe plan lê hopeloos verfrommel,
want iets sê: “Stomme drommel,
die ruimte lê vol rommel”
En ek begin verstaan:
Daar is geen nuwe oord om heen te gaan,
want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Want die stad blom elke nag,
strooi sy saad en skemerdag
breek staalspruite deur die aardkors.
waar jy gaan.
Rommelberge groei omheen
en daar's swaelsuur in die reën –
en, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Waarheen sou ek gaan?
Ontvlug is onbegonne;
selfs droom is onbesonne,
want die wêreld is oorwonne
en ek begin verstaan:
Daar is geen nuwe paaie om te baan;
want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Elke hektaar is verkoop,
elke opstal lê gesloop
en die wêreld wag verwese, in die waan
dat ʼn wonder sal gebeur
om sy rusperleërs te keer –
maar, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Vlug na berg of woud …
Meen jy dat daar geeneen is;
dat jy eindelik alleen is?
Ag, verspieders loer op Venus
en ek begin verstaan:
Daar is geen nuwe oord om heen te gaan,
want, kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Elke woord is retoriek,
elke droom is bloot plastiek
en atoom's die idioom van wie verstaan.
Iewers moet ʼn rusplek wees
vir die afgematte gees –
maar, kyk, daar lê reeds spore op die maan;
duisend donker spore op die maan.
Kyk, daar lê reeds spore op die maan.

Kopiereg voorbehou

7.14 Na watter soort spore word daar in die titel verwys? (1)

7.15 Wat is die tema van hierdie gedig? (1)

7.16 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (7.16) en die antwoord neer.

Die "nuwe plan" (reël 1) is die plan om (rommel te verminder/'n rusplek sonder rommel te vind.) (1)

7.17 "Stomme drommel" (Reël 2).

7.17.1 Na wie/Waarna verwys hierdie woorde? (1)

7.17.2 Hoekom gebruik die digter alliterasie en assonansie in reël 2? (1)

7.18 In strofe 2 kry ons 'n metafoor wat die besoedelingsprobleem beskryf.

7.18.1 Haal hierdie metafoor aan. (1)

7.18.2 Gee EEN rede waarom die metafoor in VRAAG 7.18.1 as 'n geslaagde metafoor beskou kan word. (1)

7.19 Haal 'n woord uit strofe 3 aan wat aandui dat dit dom is om oor nuwe rusplekke te fantaseer. (1)

7.20 Lees strofe 4.

7.20.1 Wat is "**die wonder**" waarop die wêreld wag? (1)

7.20.2 Haal die woord aan wat aandui dat die wêreld verkeerd is om te dink 'n wonder sal gebeur. (1)

7.21 Na wie/Waarna verwys die woord "verspieders"? (Reël 30) (1)

7.22 Waarom word mense se woorde in reël 34 as "retoriek" beskryf? (1)

7.23 Haal EEN WOORD uit die laaste strofe aan wat aandui dat daar reeds baie spore op die maan is. (1)

7.24 Lees weer die refrein aan die einde van elke strofe.

7.24.1 Watter bevel word elke keer in die refrein herhaal? (1)

7.24.2 Waarom word hierdie bevel herhaal? (1)

7.25 Neil Armstrong het in 1969 die maanlanding as 'n "groot stap vir die mensdom" beskryf. Dink jy die spreker in die gedig het saamgestem met hierdie perspektief? Verduidelik jou antwoord. (1)

7.26 Noem EEN ding wat jy kan doen om besoedeling/vernietiging te verminder. (1)

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou